basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C:	Korter Teks: Transaksioneel/Naslaan-/ Informatief	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart/diagram/vloeidiagram/ sleutelwoorde), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik:

   - 80 minute vir AFDELING A
   - 40 minute vir AFDELING B
   - 30 minute vir AFDELING C

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik bo-aan die finale skryfstuk/teks aan.

1.1 **Die troeteldier wat my van liefde geleer het.** **[50]**

1.2 **Vakansie is ...** **[50]**

1.3 'n Brugjaar of nie? **[50]**

1.4 **'n Engel in my huis** **[50]**

1.5 *Het sport 'n afgod in ons skole geword?* **[50]**

1.6 1.6.1

[Aangepas uit: *Die Burger*, Maart 2011] **[50]**

1.6.2



[Uit: *Leef*, Oktober 2010] **[50]**

1.6.3



[Uit: *Rapport,* 15 Mei 2011] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Vertel 'n vriend of 'n vriendin van 'n spesiale geskenk wat jy ontvang het. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

'n Geliefde oupa/ouma vir wie jy baie omgegee het, is onlangs oorlede. Jy is gevra om 'n HULDEBLYK oor jou oupa/ouma te skryf wat in die koerant gepubliseer gaan word.

Onthou om belangrike gebeurtenisse uit jou oupa/ouma se lewe ook in die huldeblyk te noem. **[30]**

2.3 **FORMELE VERSLAG**

Skryf 'n FORMELE VERSLAG aan 'n versekeringsmaatskappy oor jou sak met sporttoerusting wat tydens 'n groot sportbyeenkoms gesteel is. In die verslag moet jy onder andere die toerusting wat gesteel is, die handelsnaam en die waarde daarvan aandui. **[30]**

2.4 **RESENSIE**

Skryf 'n RESENSIE oor 'n interessante boek wat jy onlangs gelees het. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN-/INFORMATIEF

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.

3.1 **ADVERTENSIE**

Na 12 jaar op die skoolbanke het jy nou die geleentheid om 'n ADVERTENSIE te ontwerp waarin jy jou skool moet adverteer. **[20]**

3.2 **UITNODIGING**

Ontwerp die UITNODIGINGSKAARTJIE vir jou skool se jaarlikse matriekafskeidsfunksie. **[20]**

3.3 **AANWYSINGS**

'n Nuwe leerder by jou skool is onseker oor watter roete om tot by die skool te volg. Gee vir hom/haar duidelike AANWYSINGS om van sy/haar huis tot by die skool te kom. Gee aandag aan duidelike bakens op die roete. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou